

Saterdag 28 Julie

Skrifgedeelte: Romeine 7:1-12

Fokusgedeelte: Romeine 7:7;
Heidelbergse Kategismus 44:113

Jy mag nie begeer nie

Die tiende gebod is 'n samevatting van al die gebooe, dat ons niks sal begeer “teen enige gebod van God” nie, soos Paulus dit as voorbeeld in Romeine 7:7 aanhaal. Dit moet nie eers in ons harte opkom om enige van sy heilige, regverdige, goeie en geestelike ge-booie (:12, 14) te verbreek as sy kind nie.

Ons moet nie net sondige woorde en dade haat nie, maar die geringste gedagte of be-geerte wat tot die sonde lei, want dit is waar die sonde begin het – in die gedagtes en harte van die mens (Gen. 3:1-6; Matt. 15:18, 19). Daarom dat die gelowige saam met Christus die woorde van harte sing: “*Beminnars van die HEER, haat wat sy Naam onteer, en wandel in sy weë*” (Ps. 97:6, berymd) – dit is, wandel in sy Woord, sy goeie Wet deur die krag van die Gees in 'n dankbaarheidslewe.

Die Here se goeie wet wys vir ons wat reg en verkeerd is, kla ons aan as ons oortree, sodat dit 'n tugmeester is na Jesus Christus wat vir ons die volkome geregtigheid van die wet nagekom het (Matt. 5:17-20). Daardie Geregtigheid (NGB Art. 22, 23) ontvang ons deur die geloof, sodat ons in ons dankbaarheidslewe “'n begeerte tot alle geregtigheid (sal) hê”.

Sing: Psalm 97-1:6, 7

Ds. Slabbert le Cornu (Carletonville)